KETJAP

deur Anton Krueger en Ruan Kemp

What the Sanlam judges said:

"...'n nuwe laagtepunt in spektakelteater."

"Die gevaar bestaan dat die gehoor vervreemding sal ervaar oor die aanslag op die sintuie van sommige van die tonele."

KARAKTERS

CINDY

Sy het grootgeword in Kleinbraksriviermond en was gedoop in die dopper kerk. Dis die eerste keer dat sy weg van die huis af is behalwe vir daai een keer toe sy Parys toe was vir haar Tante se troue. Sy bly in "Sonstraal" koshuis by Tuks en speel vir die Varsity hokkie en netbal. Sy is baie betrokke met die "Christin op Kampus" groepie.

JAKES

Hy bly in 'n woonstel wat hy met Mervin deel. Ordentlike ou, maar ook nou nie iemand wat ooit presteer het op skool nie. Hy was nooit kaptein van enige iets nie, hy was nooit die beste student in enige vak, nooit buitengewoon nie. Miskien is sy mees interessantste eienskap dat hy goed aanpas by ander mense, dat hy hulle nie veroordeel nie. Hy pas homself aan na die geselskap rondom hom en is miskien 'n bietjie van 'n verkleurmannetjie. Mense het hom al vertel dat hy geen ruggraat het nie, dat hy swak is, dat hy "wishy washy" en "flimsy flamsy" is ens.

MERVIN

Wat is dit met hierdie ou? Hy's klaarblyklik intelligent, en eerlik in die sin dat hy nie 'n fok omgee vir wat mense van hom dink nie. Hy sê wat hy wil, hy sal mense ontstel as hy wil. Sy grootste plesier kom daar uit om mense te "disillussion" van hulle illusies. Volgens hom is ons net almal diere met drywe, almal wil net mekaar naai en so veel geld maak as moontlik. Hy dink hy sien diep in die samelewing se illusies in. Hy's 'n groot gelowige in Nietzsche en so aan. Die ironie is dat hy self niks kry nie – geen girl en geen geld. Miskien beteken sy verwerping van die "game" dat hy nooit enige van daai dinge kan kry nie, daai dinge wat hy glo almal wil hê. Hy sien ander mense as oneerlike leuenaars (as hulle glo in "Romanse" of "Godsdiens" of "Lewensdoel" of wat ook al), maar daai mense kry nog steeds wat hy nie kry nie (respek, seks, liefde, geld).

DEON

Deon is net op kampus vir een rede – om seks te hê met so baie girls soos moontlik. Hy lees die heeltyd FHM vir nuwe tips oor hoe om die perfekte girl die bed in te lok.

ALEXIS

Alexis is deel van hierdie groep want elke groepie het mense soos Alexis.

STEL

Al die tonele vind plaas in ’n kroeg op kampus met die naam van "Oom Gert se Plek", behalwe vir een toneel in Jakes se kamer en ’n ander wat in Mervin se woonstel gebeur.

SKERM

Agter die verhoog staan ’n skerm wat soms tonele wat op die verhoog geskied naboots. Partykeer gebeur presies dieselfde aksies op die skerm en op die verhoog, maar met ander tye verskil die aksies van die karakters op die skerm en die karakters op die verhoog.

KETJAP

EEN

Dis donker. Uitasem hardloopgeluide.

KOLLIG REGS VOOR

Jakes wat op een plek staan en hardloop. Hy lyk verboureerd. Vreesbevange. ‘n Bang dier.

Met die lig net op Jakes, kom Cindy, Deon, en Alexis een vir een op die verhoog, hulle loop rond en roep na Jakes. Klink bekommerd.

SKERM AGTER DIE VERHOOG

Ons sien ‘n film van Mervin wat op ‘n bed, langs die bed, saam met die bed, stadige dansbewegings uitvoer. Soos ‘n man in ‘n daggabeswyming, of besig met ‘n okkultiese ritueel. Daar’s ‘n bietjie Tai-Chi in sy bewegings, en ook ‘n bietjie ballet en self ‘n tikkie Butoh. Dit hoef nie realisties te wees nie, maar kan ook animasie en spesiale effekte bevat. Sy beeld bly op die skerm deur die hele toneel.

KOLLIG REGS VAN MIDDEL

Ons is in Oom Gert se Plek. Daar is tenminste twee kroeg tafels met stoele, en op een kant staan ‘n gemaklike sofa. Daar’s mosterd en tamatiesous botteltjies op beide tafels. Deon en Cindy stap in. Deon gaan sit eerste, blaai deur ‘n FHM, na ‘n rukkie kom Cindy.

Cindy: Niks?

Deon: Niks.

Cindy kyk rond vir 'n kelner. Deon blaai deur die FHM.

Deon, *lag vir iets in die tydskrif:* Het jy geweet? Vrouens met borste groter as hulle boude het 'n groter kans om mans te vang met piele langer as hulle hande.

Cindy: Ag, asseblief!

Deon, *dikbek*: Vingers ingesluit.

Cindy lyk benoud. Kyk rond vir 'n kelner.

Cindy: Hoe het alles so uitgerafel? Ek bedoel… my pa maak my vrek as ek weer 'n vak sleep… dis die tyd… dit gaan so vinnig… ek weet nie of ons laas week se toets nog moet skryf nie en of ek volgende week se toets al klaar gedruip het nie.

Deon: Dis hoe ek oor girls voel.

Cindy, *ongemaklik*: Wat bedoel jy?

Deon: Ek bedoel ek weet nie of hulle net heeltyd in my kop is nie en of my kop net heeltyd in hulle is nie.

Deon lag vir sy eie grappie. Cindy kyk rond vir 'n kelner. Pouse. Dan kom Alexis ingedraf.

Alexis: Hy's by die huis.

Cindy lyk eers verlig, maar dan aanvallend.

Cindy: Wat maak *jy* by *sy* huis?

Alexis, *'duh':* Ek het gedog dis 'n goeie plek om hom te soek.

Cindy, *bedaard maar bekommerd:* Wat sê hy?

Alexis: Hy kan niks onthou nie.

Cindy: Niks?

Alexis: Niks.

Cindy: Hy kan niks onthou nie… Nooit nie! … Wat het jy hom vertel?

Alexis: Wat ons bespreek het.

Deon: Wat jy nie weet nie, kan jou nie breek nie.

Cindy: Ek is jammer Alexis.

Alexis: Dis nie vir my wat jy moet jammer sê nie.

Cindy: Ek weet… maar ek is nog steeds jammer… jammer dit het so uitgedraai, jy weet, maar ek… ONS…ons kon dit nie help nie…

Deon: Los die ou koeie…Tjek hierdie girl se sloot! (*Hy wys die FHM centrefold. Girl met ’n lekker cleavage.*)

Alexis: Jy’s n piel! En ’n slap een daarby.

Deon lag. Dan lag hy nie meer nie. Dis ’n hele ruk stil. Lank genoeg vir die gehoor om ongemaklik te begin raak.

Dan haal Cindy ’n skeermes lemmetjie uit haar handsak. Dis ’n bitterklein handsakkie wat alewig onder haar oksel vasgeknyp is. Alexis lyk benoud. Deon sit die tydskrif neer.

Cindy: Kom ons belowe.

Alexis: Nee…

Deon: Hoe skoon is daai ding?

Deon tel ’n steakmes op.

Alexis: Is jy simpel?

Mervin *op die skerm steeds met sy Séance doenig, fluister, amper satanisties:* Simple, Simplicity, Complicity, Simplicity, Complicity, Complexity, Simplicity. Simple, Simple…

Cindy: Kom ons belowe… Jakes kan nie weet nie. Dit sal hom breek… Die Here vergewe… Is jy seker hy kan niks onthou nie?

Alexis: Nee, niks nie.

Cindy staan op. Dan die ander twee. Hulle haak hulle arms by die elmboë inmekaar.

Cindy: Soos die ou dae…

Alexis: Om die ou dae te bewaar…

Cindy: Ons belowe… dat Jakes nooit sal uitvind wat gebeur het nie.

Met hulle arms ingehaak sny Cindy Alexis se duim met die skeermes lemmetjie, dan Alexis Cindy s'n. Deon sny sy eie duim met die steakmes. Dan druk hulle hulle duime teen mekaar.

Cindy: Een vir almal…

Deon: En almal vir een

Alexis, *fluister:* En almal vir een.

LIG UIT

TWEE

Partytjiemusiek. Op die skerm verskyn die woorde: "Drie maande vroeër...".

Cindy, Alexis en Deon in dieselfde konfigurasie by Oom Gert se Plek, maar nou het Mervin en Jakes ook ingehaak by die elmboë. Biere in die hand.

Cindy: *skreeu:* Een vir almal!

Res: En almal vir een!

Dan sluk hulle elkeen bier met die arms nog deurgehaak, voordat hulle opbreek en gaan sit. Musiek verdoof bietjie dat mens hulle kan hoor kuier. Mervin, soos altyd, sit bietjie buite die kring.

Cindy: Ja, dis hoog tyd dat ons almal weer bietjie catch-up.

Alexis: Op-catch, Ja. Die vakansie was so lank.

Deon: Dis wat so lekker is van Varsity.

Mervin: Varsity is kak.

Die ander kyk hom verstom aan.

Mervin: Dis kak, dis alles kak.

Deon: Jisses, chill jou guava, china.

Mervin: Dis fokken Bullshit.

Jakes: Hy – kom nou. Dis nie alles –

Mervin: Kyk vir hierdie fokken mense! How do they live with themselves? Hoe sleep hulle hulle pap lywe uit die bed elke oggend?

Mervin begin lag en trek diep aan sy sigaret. Jakes drink nog bier.

Cindy, *aan Mervin*: Ek het jou gisteraand by die jaaropening by die kerk gesien. Ek was verbaas. Ek het jou amper nie herken nie… ek het jou nie daar verwag nie.

Mervin: Jy bedoel ek was buite konteks?

Cindy: Ja. Ek het nie gedink jy's die kerktipe nie.

Mervin: Ek is nie.

Cindy: Dit was 'n mooi preek.

Mervin: Dit was kak.

Cindy: Is nie. Dit was mooi.

Mervin: Dis jou mening.

Cindy: Jy moes dalk geluister het, Mervin.

Mervin: Ek was nie daar om te luister nie.

Jakes, *sarkasties:* Ja, as Mervin nie die een met die mikrofoon is nie is dit nie die moeite werd om te gaan nie.

Mervin: Dis reg Jakes, as almal net *presies* doen wat ek sê sal alles *perfek* uitdraai.

Cindy: As jy nie gaan om te luister nie, hoekom gaan jy dan?

Mervin: My liewe Cindy, dis 'n fascination met die abomination wat ek het, ek hou ook stil as daar 'n motorongeluk langs die pad is, ek tel die dooies en ek tjaaf die rescue workers… Soos enige normale man soek ek vrou, en soos almal weet is al die goed Christelike dogters met hulle ongekneusde pere op hol by die openingsaand.

Deon: Fok! Hoekom het niemand my genooi nie? Ek was op Hatfield Square en terwyl ek op soek was vir 'n driehoek, het ek opgeeïndig met 'n square!

Deon maak eers 'n onderstebo driehoek, en dan 'n vierkant met sy vingers. Hy lag vir sy eie grappie.

Deon: Dit het goed begin, ek bedoel, eerstejaartjie, ver van Pappie en Mammie op die plaas, verdwaald in Hatfield...toe beweeg ek in, gentleman wat ek is, wys haar bietjie rond, koop vir haar 'n paar drankies, maar toe ek haar vra om my bietjie rond te wys toe's sy soos in: "Waar?" Toe's ek soos in "Al die geheime plekkies van jou lyf." Toe's sy's soos in bokveld toe.

Mervin: Wat het jy met haar lyk gedoen?

Deon: As hulle nie in my hardware belangstel nie, is dit hulle eie loss.

Cindy, *aan Alexis*: Gaan jy weer blomme verkoop op Hatfield vanjaar?

Alexis, *trots*: Nee. Ek het ’n beurs gekry.

Cindy: Rêrig! Ek sleep twee vakke!

Deon: Ek ook.

Jakes, *geniepsig*: Mervin het niks deurgekom nie, het ons Mervin? Nie eers Sielkunde nie.

Mervin: Ek is nie hier om te swot nie. “Swotting” is benede my.

Alexis: Ek verstaan jou pyn Mervin , maar dis nogal ’n kinderagtige attitude. Wie se geld is dit wat jy so mors?

Mervin: Geld? Wat is geld? Dis papiertjies met prentjies op. Wat is Universiteit? Dis ’n markplein waar papiertjies met prentjies uitgeruil word. Daar’s geen fokken sprake van die uitruil van kennis nie. Mind expansion is ’n catch-phrase op ’n brochure. Ek doen beter mind expansion deur drugs te vat as om in daai canfruit bottel van ’n klaskamer te sit. Teater is eintlik ’n beter woord, want dis ’n fokken show, dis ook ’n plek waar hulle jou brein uitsny en in canfruit bottels druk. Dan wys hulle dit vir ander studente: “Kyk! Dis wat gebeur as jy dink. So wees versigtig as jy die monkey puzzle invul. Slegs HB potlode toegelaat. Dankie, hoor? Jy het die antwoorde. Ons het dit vir jou gegee op ’n skinkbord saam met Johannes die Doper se fokken kop.

Deon: “I’ll rather have a bottle in front of me than a frontal lobotomy.”

Mervin: Jy weet dit. Nou daar’s ’n cliché wat nog betekenis het.

Alexis: So gaan jy maar net so voortploeter totdat hulle jou nie meer toelaat nie?

Mervin: As long as it takes, my dear, as long as it takes.

Jakes: Maar komaan Mervin, moet jy die jaar so negatief begin?

Mervin: Jammer Jakesy, ek het nooit op my CV geskryf dat ek goeie geselskap is nie.

Alexis: Wat die fok is dit met jou? Jy't regtig 'n "persecution complex" – dink die heeltyd dat almal jou aanval.

Cindy: Hou op om die arme ou aan te val.

Sy lag vir haar eie grap.

Mervin: Dink jy regtig dis ongewoon om negatief te wees? Wat doen 'n kind as hy gebore word? Hy skreeu.

Deon: Hy skreeu vir tiet!

Mervin: Hy skreeu want hy laaik dit nie hier nie. Hy kan die bullshit ruik. Hy skreeu uit frustrasie uit omdat hy alles van sy vorige lewe vergeet het, en nou weer 'n fokken keer deur die kak moet wade om êrens te kom.

Jakes: Ag, daar is ook voordele...ek bedoel, ons leer af en toe interessante goed en…

Mervin: Nou wat het jy al eintlik geleer Jakes? Ek vra vir jou nou mooi met trane wat blink op my wange. In al die fokken jare wat ons al in hierdie dump verkeer – wat het jy al geleer?

Jakes: Hmmm...wel...dis moeilik om nou spesifiek –

Mervin: Wat?

Jakes: Okay, ek het geleer dat die verlede 'n fokop was, dat die beskawing verdoem is, dat die wetenskap geen antwoorde het nie, dat die godsdiens verby is…

Cindy: Jy kan nie so sê nie…

Alexis: Jakes, moenie dat Mervin jou oorreed om soos hom te begin dink nie! Jy's nie –

Mervin: Ek het daai goed al geweet toe ek fokken ses jaar oud was. Hoekom moet hulle my dan deur hierdie kak sleep?

Alexis: Wat het oor jou lewe geloop?

Mervin: Die lewe.

Alexis: Moet jy *nou* al die aand bederf?

Deon: Wat's nuut?

Mervin: Daar's niks nuut onder die son nie. Die son self brand om uit sy eie vel uit te kom, uit godsfrustreerde verveeldheid uit.

Cindy: Is nie. Die son skyn. Helder soos 'n ster. Die lewe is nie so vreugdeloos nie. Probeer te minste om nou en dan te glimlag, ou.

Mervin gee vir haar 'n woeste blik. Dan glimlag hy skielik breed.

Mervin: Orraait! Hoekom de fok nie? Ek sal cheerful wees. Ek kan dit doen. Ek kan smile. Ek kan fokken glimlag vir julle. Is dit beter? Is dit wat jy wil sien? God, Jissis!

Mervin vererg hom en stap uit.

Alexis: Sjoe! Dit was nou onnodig. Waar was ons?

Cindy, *kinderagtig, opgewonde:* Catch-up!

Alexis: Hoe gaan dit met jou Jakes? Ek het jou die vakansie gemis. Jy was mos huis toe?

Jakes: Ja, Kersfees met die familie.

Deon: Ek het by 'n ouer vrou geslaap die vakansie. *Heelwat* ouer.

Alexis: Jisses, Deon, niemand stel belang in jou perverted conquests nie.

Cindy, *opgewonde:* Ek het 'n nuwe kar gekry!

Alexis: Lucky Bitch! Watse kar?

Cindy: Hmm? Watse kar is dit nou weer Jakes?

Jakes: Yaris.

Cindy: 'n Yaris.

Deon, *opgewonde:* Ek het eenkeer ’n girl met ’n Yaris uitgevat. Fokken Bitch. Betaal blerrie vyf-en-tagtig rand vir ’n lekker ou maaltyd by Nando's en dan wil sy net vry.

Alexis, *kamstig verstom:* Nando's?

Deon: *En* ’n fliek!

Alexis: Jy's te barmhartig Deon.

Deon, *naboots soen en smooch geluide*: Ek’s soos in: “Kom baby, kom, dis mos lekker om te speel,” en sy’s soos in: “Sit asseblief die lig weer aan..."

Cindy: Is dit nou *in* die Yaris?

Deon: Nee, dis nou in haar koshuiskamer. Sy’s soos in: “Sit die lig aan,” en ek is soos in "cool-cool", ek laaik om te sien wat aangaan, want jy moes haar bene sien, van hier af tot in Brasilië, met heupe soos fluweel, en sy’s soos in “As my boyfriend ons vang...” Seker een of ander poes met ’n rugbybal vir ’n brein – en sy’s soos en met *(maak ’n "praat" "praat" "praat" puppet met sy hand)* yadda yadda yadda...

Jakes, *staan op*: Ek gaan maar kyk of Mervin orraait is. Verskoon my.

Alexis: Nee man.

Cindy: Los hom uit.

Alexis: Kuier nog so ’n rukkie met ons.

Cindy: Laat Mervin met sy eie duiwels worstel.

Jakes, *lag:* Dis net dat hy en sy duiwels 'n gewoonte daarvan maak om in *my* woonstel te worstel.

Almal lag.

Alexis: Gaan jy nog terug kom?

Jakes: Miskien, as julle nog hier gaan wees. Anderste sien ek julle môre.

Jakes soengroet Cindy en Alexis en skud Deon se hand voordat hy die verhoog verlaat.

Jakes: Okay, baai.

Cindy: Baai.

Alexis: Ciao.

Deon: Sayonara.

Alexis kyk Jakes verlangend agterna.

Deon: Ja. Fokken Mervin. Laas eksamen sukkel hy om in die flat te kom, toe poes hy die ruit uit. Dis net bloed en derms en kak. Skreeu op ons. Ek was daar om Jakes se notas te kry. Hy skreeu: "Julle fokken bouncers. Julle fokken zoo keepers!" Maar al die tyd het hy sy sleutels aan hom. Was net te dronk om oop te sluit.

Cindy: En dit ’n aand voor ’n toets?

Deon: Toets of de nie, Mervin is altyd gefok. Hy sal nog dronk opdaag vir sy eie begrafnis. Jakes moes hom hospitaal toe jaag vir steke.

Alexis: Ek weet nie watse houvas Mervin op Jakes het nie, maar ek dink nie dis gesond nie.

Cindy: Jakes het ’n goeie hart.

Alexis: Ja, maar dis nie nodig dat Jakes orals agter hom skoonmaak nie…Ek bedoel, niemand kan vir Mervin help nie.

Cindy: Ek dink… ONS… Dis ons Christelike plig om ander te help.

Alexis: Jisses, Cindy, jy’s partykeer so dig!

Cindy: Moenie so praat nie.

Alexis kyk haar verstom aan.

Alexis: Ja, wel...ek dink ek gaan maar terug koshuis toe. Nuwe semester begin môre, en ek moet vroeg opstaan.

Cindy: Jy ook? Nee, man.

Alexis: Baai.

Deon: Lekker slaap.

Cindy: Sien jou môre

Alexis verlaat die verhoog.

Cindy lê terug op die sofa en drink nog bier. Deon staar vir haar.

'n Prentjie flikker op die skerm. Op die skerm sien ons die kroeg (nie noodwendig presies soos dit op die verhoog verskyn nie, maar met ordentlike dekor soos in 'n fliek.) Deon en Cindy is op die skerm.

Die skerm is 'n duplikaat van wat aangaan op die verhoog. Ons hoor die karakters op die skerm praat, terwyl die karakters op die verhoog hulle naboots.

Pouse. Cindy lê terug op die stoel met haar oë toe. Deon kam vinnig sy hare met sy vingers en spuit mondverfrisser in sy mond.

Deon: Sê vir jou wat...wat van 'n klein… so 'n klein petieterige ou massage? Hmm? Dis al, ek belowe...niks meer nie...net so 'n klein ou rustige...laat die spierweefseltjies bietjie ontspan...

Cindy: Ek dink nie so nie.

Deon: Op daai mooi skouers van jou?

Deon kruip saggies agter haar.

Deon: Jy sal dit skaars agter kom...ek belowe...

Cindy, *lag:* As ek dit nie agterkom nie, wat is nou die punt daarvan?

Hy begin om haar skouers saggies te streel. Sy ril, maar hou haar oë toe.

Cindy: Jy's onmoontlik!

Deon: Heeltemal.

Cindy: Hou nou op.

Nou begin die karakters op die skerm verskil van die op die verhoog. Terwyl Deon op die verhoog nou ophou om haar te masseer, gaan die karakter op die skerm aan daarmee. Op die verhoog sak Cindy terug op die sofa en drink nog bier terwyl Deon vir haar staar. Die skerm beeld nou ‘n fantasie wêreld uit.

SKERM

Deon begin bietjie harder masseer.

Cindy: Dit is nogal lekker, ek moet sê...

Deon: Natuurlik... jy hou net daardie sedelike oë toe, Cindy, ou girl... Deon is hier... die plesierdier is hier, en hy wil jou versier met... met...

Cindy: Plesier?

Deon: Presies!

Sy vat nog ’n slukkie bier en hy begin langs die kante massage, dan gaan hy vir die borste. Sy haal vinnig asem maar haar oë bly toe. Hy begin haar nek soen. Sy lê stil en drink. Sy maak haar bier klaar terwyl hy aanhou masseer. Sy een hand oor haar borste...vinnig spuit hy nog mondverfrisser in sy mond en dan leen hy oor haar en fluister.

Deon, *in ’n sexy fluister:* Kom, ek wys jou hoe die mosterdsaadjie ’n boom word… Kom, ek wys jou sout wat nie laf geword het nie… Kom, ek wys jou waar Dawid se wortels begrawe lê… Kom…

Deon en Cindy begin wild soen. Klere vlieg die kant toe en daai kant toe.

Cindy word wakker op die verhoog, kyk na haar horlosie.

Cindy: Ek dink ek moet ook koshuis toe voor hulle sluit.

Deon*, skrik wakker*: Wat? O...orraait...jy seker?

Die fantasie op die skerm versmelt.

Cindy: Baai Deon, sien jou seker môre.

Deon: Right Cindy...wil jy hê ek moet saam met jou stap?

Cindy: Dis nodig nie, dis maar net twee blokke.

Sy begin uit stap. *Hy agtervolg haar.*

Deon: Nee wat, jy kannie alleen terug gaan nie. Jy weet nooit watse mense jy op hierdie strate sal teë kom nie.

Cindy: Mense soos jy?

Deon: Presies! Ek moet jou beskerm teen mense soos ek. Sê maar jy't my nie geken nie? Dan wat?

Soos hulle reg maak om te loop, kom Jakes weer ingestap.

Jakes: Is julle al op pad?

Deon: Ja, lyk my nie enige iemand is vanaand lus om te party nie. Ek kan net so wel oppie Square gaan jag. Waar's Mervin ?

Jakes: Weet nie. Hy's nie by die woonstel nie. Maar ek het net seker gemaak daar's 'n sleutel onder die mat.

Deon: Jy's nie lus om saam te piekel Square toe?

Jakes: Nee wat.

Deon: Ok dan, sien vir julle ouens later – en Cindy, jammer ek het jou gepla, maar ek moes mos probeer, né? Jy verstaan mos?

Cindy: Ja, Deon, okay.

Deon: Lekker aand vir julle ouens.

Jakes: Dankie.

Cindy: Tata.

Deon stap uit.

Kort pouse.

Cindy: Sal jy saam met my koshuis toe stap?

Jakes: Natuurlik.

Hulle staan stil vir 'n ruk. Altwee bietjie skaam.

Jakes: Ek wou nog vir jou dankie se vir al daai e-mails.

Cindy: Ek het elke woord bedoel.

Jakes: Jammer ek kon nie meer gereeld skryf nie, ons was –

Cindy: Dit maak nie saak nie. Kom...

Sy vat sy hand en hulle begin stap.

Cindy: Ek's so bly om jou weer te sien, Jakes.

Jakes: Ek ook.

Cindy: Jy's ook bly om jouself te sien?

Jakes: Nee, ek bedoel –

Cindy: Ek spot sommer...maar laat ek jou eers bietjie behoorlik bekyk.

Sy stop en draai na hom toe.

Cindy: Ek het elke aand probeer onthou presies hoe jy lyk – jou ore, jou hare, jou neus...

Pouse soos hulle vir mekaar kyk. Sy soen hom.

Cindy: Hmm...dit was lekker...

Jakes: So lekker soos wat jy verwag het?

Cindy: Miskien...laat ek dit net bevestig.

Sy soen hom weer.

Cindy: Lekkerder.

Hulle stap af, hand in hand.

DRIE

Deon blaai deur 'n FHM in Oom Gert se Plek.

Mervin stap in.

Deon: Ahooi.

Mervin, *sarkasties*: Ola.

Mervin sit en begin 'n boek lees.

Deon kyk rond vir 'n kelner.

Deon: Die diens is darem kak hier.

Mervin: Dis die fokken human condition – kak. Hierdie etters kom hierna toe want daar word vir hulle gesê die koffie is lekker, maar die koffie is kak. Vat hierdie tamatiesous, dis kak, dis nie eers tamatiesous nie, dis ketjap!

Deon: Daar's 'n verskil?

Mervin: "All Gold" is tamatiesous, hierdie is ketjap. Dis loperig en dis sinteties, dis nie "All Gold" nie, dis All American. Dis so All American soos Viëtnam en Irak! Jy kan die oneerlikheid daaraan ruik.

Deon: Smaak verskil.

Mervin: Sure, maar dis nie te sê smaak is bloot 'n subjektiewe voorkeur nie – to patronize the faculty of taste is to patronize oneself – daar is definitief iets soos kak smaak.

Deon: Dis jou mening.

Mervin: Bullshit! Ek het my mening, *ja*, en jy het partykeer ampertjies 'n sweempie van 'n skaduweetjie van 'n mening wat jy toevallig op die toilet in die FHM gekry het en toe jou eie noem, maar dis nie te sê als is menings nie, want bo al hierdie menings is daar die studie van menings, en bô dit is daar die kennis van goed en kwaad. Die mense wat sê als is subjektief is mense op straat en hulle kennis van goed en kwaad is 'n patetiese versamelinkie kitsch, mooi in 'n rytjie in 'n kabinet. Hulle kry hulle kennis op universiteit en op TV by die mense wat meesters is in die studie van opinions. Hierdie mense dink dat hulle menings belangriker is, of meer smaakvol is, as die mense op straat s'n, maar ook hulle het geen benul van die onoorbrugbare gaping tussen die studie van menings en die kennis van goed en kwaad nie, Deon.

Deon: Jisses! Hoekom swot jy nie filosofie nie?

Mervin: Filosofie is...kak.

Deon, *afgehaal maar tergend*: Ek hou nogal van hierdie tamatiesous.

Mervin: Ketjap.

Deon: Ketjap.

Mervin: En jy sal nog brand in die fokken hel daarvoor.

Deon, *lag*: Dink jy nie jy oordryf nou so bietjie nie?

Mervin: Nee. Al die belangrikste besluite in jou lewe word geneem, deur *jouself*, volgens jou smaak. Jou werk, jou kar, jou seksuele preferences, jou haarstyl, jou fiksheid, jou vrou. As jy die verkeerde keuse maak dan is jy gefok.

Deon: So waar kry jy die regte kennis?

Mervin: Waar?

Deon: Ja, waar?

Mervin: Ek sê mos waar. Soos in *waar*heid. Hou aan vra waar dan sal jy die waarheid weet. Hy wat aanhou klop sal beantwoord word.

Deon: Maar ek vra jou mos nou: Waar?

Mervin: Waar wat?

Deon: Waar kry jy die regte kennis?

Mervin: Ek weet nie.

Deon: By die Universiteit?

Mervin: Definitief nie.

Deon: By die dominee?

Mervin: Dominees is kinders van Satan.

Deon: Ek weet! In ’n vrou se sagte plekkies?

Mervin: Jissis, Deon.

Mervin tel weer sy boek op. Deon kyk rond vir ’n kelner, raak verveeld.

Deon: So, wat maak jy hier?

Mervin: Ma se poes, pa se piel, al ooit gehoor van die blommetjies en die bytjies?

Deon: Nee man, wat maak jy *hier*? Waar die ketjap duiwelsbesetene is?

Mervin, *lag, herhaal Deon:* Waar die ketjap duiwelsbesetene is...Ek het geen ander heenkome nie… Ek bly nie meer by Jakes nie, en ek bly nog nie êrens anders nie.

Deon: Het hy jou uitgeskop?

Mervin: Dis een manier om daarna te kyk.

Deon: Wat het gebeur?

Mervin: Jakes…Ons is almal lief vir Jakes, is ons nie? Dis net… Hy gaan toe-oë deur die lewe. *Ja*, hy *is* nuuskierig oor die dieper dinge, rêrig nuuskierig, soos 'n kind met 'n Krismis present, maar hy's te bang om sy hande voor sy oë weg te vat. Dit pis my af, want hy loop die heeltyd in my vas.

Deon: Wat bedoel jy?

Mervin: Hou jou oë toe en kyk in hoeveel mense jy vasloop.

Deon: Nee maar rêrig nou?

Mervin: As jy nie die donker kan verstaan nie dan sal jy nooit die liefde ken nie. En Jakes verstaan nie die liefde nie. Hy DINK hy verstaan dit nou dat daai blonde poppie hom toelaat om met haar te vroetel, maar sy lui hom verder en verder weg van die liefde.

Deon: So, Meneer-die-filosofie-is-kak, wat *is* die liefde?

Mervin, *sug:* Die liefde is alles. En niks. Dis soos 'n vlam. Wat is dit? Dis nie water of gas of vastestof nie, en as jy dit probeer vat, brand dit jou…(*meer ingetrokke*)...'n Ruk terug agtervolg ek 'n vrou wat ek laaik kerk toe, ek sou verkies het as sy park toe is of iets – (Jissis, ek sou graag 'n vrou wou ontmoet in die supermark)...maar anyway die ene is toe kerk toe, en ek volg haar want ek wil met haar praat...maar dis moeilik, jy weet, my toesprakie voorberei en als, hierdie dinge kom nie maklik nie, jy weet...So ek wag maar vir die dominee om sy kak klaar te praat, sodat ek haar kan buite vang, maar net voordat ek by haar kon uitkom, hoek sy op met iemand anders…Ek was woedend. Ek het gebrand soos daai vlam…Die liefde gooi 'n groot skaduwee. Die liefde stel teleur. Ek het 'n jaar laas seks gehad.

Deon: Wat?

Mervin: Maar ek sal nie seks sonder liefde wil hê nie.

Deon: Hoekom dan nie?

Mervin: Seks sonder liefde is soos koffie sonder kafeïen.

Deon: En was jy al ooit lief vir enige iemand?

Mervin: Nee...nog nooit.

Deon: Ek dink die liefde is net iets wat vrouens uitgedink het om ons mans te stuit as ons–

Mervin: As jy dink jy verstaan vrouens, my vriend, as jy dink jy het enige "cooking clue" wat hulle dink en hoekom hulle dinge doen dan is jy dommer as ek gedink het.

Deon: Ek wens ek kon ’n dag lank ’n vrou wees… Ek sou net heeldag by die huis bly en met my tiete speel.

Mervin: As ek vir ’n dag lank ’n vrou kan wees wil ek die girlfriend van ’n tow truck driver wees, die dag saam met hom in die tow truck deurbring, hoor hoe hy sy lewe "justify" as niks gebeur nie, en dan sy piel suig op pad na die "scène of the accident"…

Deon: Jy is siek!

Mervin: Siek? Ons is almal siek! Ons word siek gebore. Time bombs strapped to our chests. Ek kan nie glo hulle maak so groot bohaai van VIGS nie. Ons het almal DIE LEWE. Tiek. Tiek. Tiek. Tiek. BOOM! No one here gets out alive.

Deon, *lag:* G'n wonder jy't 'n jaar laas seks gehad nie.

Mervin: Jissis, ek's nou so lus vir VIGS ek loop gooi sommer 'n draai daar in Marabastad.

Deon: Ja, jy sal daar kan regkom met 'n R50 hoer!

Mervin: Het jy vir my R50 om te leen?

Hulle lag.

VIER

In Jakes se Kamer. Jakes en Cindy is besig om hulle klere aan te trek. Hulle doen dit in 'n ongemaklike stilte voordat Jakes uiteindelik iets uitkry. Die gesprek is stadig.

Cindy: Ek het nooit geweet dit kon so afgryslik wees nie.

Jakes: Jy't dan nie gebloei nie.

Cindy, *verdedigend:* Dit gebeur soms. Bloed is nie noodwendig nie. Hang seker maar af watter tyd van die maand, jy weet?

Jakes: O…(*Pouse*). Was dit darem lekker?

Cindy: Hulle sê die eerste keer is maar bietjie vreemd…

Jakes: Ja… Ek voel so bietjie skuldig.

Cindy: Oor die kerk?

Jakes: Nee, dis oor ekke...

Cindy: Ek dink… ONS… ons het lank genoeg gewag.

Jakes, *verlig, giggelend:* Jy kan dit weer sê.

Cindy, *ingedagte, skuldig:* …Lank genoeg gewag…

Lang pouse.

Cindy: So wat gebeur nou?

Jakes: Wat bedoel jy?

Cindy: Beteken dit ons gaan eendag trou? Trek ek nou saam in met jou?

Jakes: Wat?

Cindy: Hierdie is alles nuut vir my.

Jakes: Vir my ook...WIL jy hier intrek?

Cindy: Ek wil te minste hê dat jy wil hê dat ek saam met jou is.

Jakes: Natuurlik wil ek hê dat jy saam met my bly...ja...maar, wat sal jou ouers daarvan sê...?

Cindy: Ons sal dit ’n geheim moet hou. Ek kan seker vir hulle sê ek trek in a kommune in...of dat ek saam met Alexis bly. Mervin het jou mos nou in die steek gelaat, so jy het seker iemand nodig om te help met die huur? Ek kan help.

Jakes: Okay...

Cindy: Dink net...dan is ons altyd saam. Heeldag, heelnag.

Jakes: Ja...is...is jy lus om weer te probeer?

Cindy: Ek weet nie.

Jakes: Ek was nooit baie goed met sport nie, maar toe ek hokkie op skool gespeel het vir die D span –

Cindy: Jy't ook hokkie gespeel?

Jakes: Reserwe.

Cindy: O.

Jakes: Eintlik die E span. Elk geval - hulle het ons probeer leer dat mens moet met aanhou oefen totdat jy iets reg kry.

Cindy: Wat beteken dit nou Jakes? Jy wil op my oefen? Vir wat? vir wie?

Jakes: Ek bedoel dit nie so nie.

Cindy: Ek wil huis toe gaan.

VYF

Jakes en Cindy sit by ‘n tafel in Oom Gert se Plek. Die skerm is belig en ons sien ook Jakes en Cindy in ‘n toneel op die skerm.

Cindy: Kyk wie's hier – dis "angst" op twee bene.

Mervin stap in. Soos hy instap, stap ‘n Mervin karakter ook in die skerm in.

Jakes: Los hom uit.

Cindy: Staan jy nog steeds op vir hom? Nadat hy jou vir die hoeveelste keer in die steek gelaat het?

Jakes: Ag.

Nou verskil die aksie op die skerm met dit op die verhoog. Terwyl die "Verhoog Cindy" woedend aangaan oor Mervin , staan die "Skerm Cindy" op en benader Mervin op ‘n wulpse manier.

Mervin sit en lees sy boek rustig.

Cindy: Ok, so miskien was dit nou alles my skuld...weet nie presies hoekom nie, maar dis toe dit alles begin het...kyk net vir hom...sit daar so selfvoldaan, so fatsoenlik...(*vir Mervin*)...Dit maak nie seer om te groet nie!

Die Cindy op die skerm sit op haar knieë voor Mervin en begin om sy broek los te maak.

Jakes: Hy's net trots.

Cindy: Oor wat?

Jakes: Nou dat ons saam is voel hy miskien dat ek hom verwerp het. Hy dink ek tart hom uit om saam met jou uit te gaan. Ek verwerp sy definisie van jou.

Die Cindy op die skerm begin oordadig aan Mervin se piel vryf.

Cindy: En wat presies is sy definisie van my?

Jakes: Dit maak nie saak nie.

Cindy: Ek weet hy hou nie baie van my nie.

Jakes: Ja – dis maar dit.

Cindy: Dis sommer stront...hoeveel maande het dit nou al aangegaan? Dit moet nou end kry.

Deon stap in.

Skerm Cindy buk vooroor en begin Mervin se piel suig.

Deon: Wat sê jy dude?

Mervin lig sy linker wimper ½ millimeter.

Deon: Hei Mervin – How's it hanging?

Mervin op die Skerm, *sonder om van sy boek af op te kyk*: Ietwat links...

Deon: Okay, fyn....fyn soos skuim...*(dan sien hy kamtig Cindy en Jakes vir die eerste keer raak)*: Haai…

Jakes: So, hoe gaan dit?

Deon: So-so.

Jakes: Hoe was jou semesters?

Deon: Effe kakkerig, maar dankie vir die belangstelling.

Jakes: Plesier.

Deon: En wat gebeur met jou deesdae?

Jakes: Selle storie, skraap maar deur...ek hoor jy bly nou saam met Mervin ?

Deon: O jis, dis waar – pret pret pret dag in dag uit. Ek het nie geweet dis moontlik vir ’n mens om so baie dagga te rook in ’n dag nie.

Jakes: Hy's erg, né?

Cindy op die skerm, *lig haar kop van Mervin se skoot af:* Verskoon my??? Hallo? bestaan ek?

Deon: Wat?

Cindy: Hoekom ignoreer jy my? Ek sit ook hier!

Deon: Jissis sorrie Cindy. Ek het jou daar gesien, om die waarheid te sê. En nou sê ek vir jou "Hallo Cindy," nou sê ek vir jou – "Hoe gaan dit, soetkoek?"

Cindy: Ongeskik.

Deon sit by Mervin .

Deon: So wat lees jy?

Mervin: Selle ou storie.

Deon: En dit is?

Mervin, *vinnig*: Kind wat van sy pa af wil wegkom so hy steel ma se geld, maar pa vang hom uit en donder hom so die kind trek met regsverdiging maar sonder geld see toe waar hy op ’n prostituut verlief raak net om na maande se maanskyn en rose en ’n positive pregnancy test uit te vind sy is eintlik sy lank verlore suster met die gevolg dat hy selfmoord pleeg deur die see in te loop, blah blah blah...

Deon: Dit klink nie soos die selle ou storie nie...

Mervin: Alle stories is dieselfde, alles ewige nonsens. Maar gelukkig sterf die boek sodra jy dit toemaak...Die skrywer is al lankal dood, as ons nou net die boek kan vermoor kan ons miskien vry word.

Deon: Hoe ver is jy?

Mervin: Ek is klaar.

Deon, *kyk na die boek wat in die middel oop is:* Jy's dan nou eers halfpad.

Mervin: Die boek is klaar… Die skrywer gee te veel weg. Bladsy een en jy weet presies wat gaan gebeur. Die skrywer is lui. Sy idee van 'n "muse" is 'n "happy-go-lucky" mistress wat hy na willekeur kan inruil op 'n beter model met groter borste. Hy gebruik frases wat hy op advertensieborde lees. Hy gee jou clues to a happy ending. Hy gee jou the secret to a happy life. Dis bullshit. Ware geheime word net ontdek deur ware pyn. Omdat die pyn in jouself so groot is moet jy ander seermaak…Jy moet jou muse uit haar Pappie se arms wegruk en haar voor haar Mammie verkrag. 'n Ware skrywer is daai Pappie en daai Mammie. 'n Ware skrywer verkrag.

Op die skerm slaan Skerm Mervin Skerm Cindy se kop met die boek, maar sy hou aan om te suig.

Verhoog Deon vat die boek uit sy hand uit, beskou dit agterdogtig…

Deon: So...is dit die moeite werd om te lees?

Mervin: Deon, jy't nog so baie om te leer. Niks is die moeite werd om te lees nie.

Deon: Kan ek dit leen?

Mervin: Nee.

Deon: Jy sê dan jy's klaar.

Mervin: Ek's klaar.

Deon: So?

Mervin, *sarkasties:* Ek dink hierdie vorm van afleiding sal nadelig vir jou studies wees. Wat met al die meisies en als? Is dit nie waar nie? Deon Sex Machina? Ryg hulle in soos 'n sosatie vir die braai… En was jy nie laas besig met laas maand se FHM nie? Wat se kak is dit anyway? The New Wonder Jock onderbroek. Ultimate Support. Visually Enhances your Package.

Deon, *lag:* Ek het gelees van daai. As vrouens kan wonderbra's dra, kan mans wonderjocks dra!

Mervin, *terug in sy boek, mompel:* Metrosexual.

Deon, *lag:* Jy bedoel seker Baie Sexual! Aangename kennis, ek is Deon en ek is baie sexual.

Deon wil homself doodlag vir sy eie grappie, sien dan Mervin lag nie.

Mervin: Okay Deon.

Deon: Hei, wat sê jy ons gaan chill bietjie, rook bietjie van daai pyp?

Mervin: Sure, nooi vir Alexis...(*mokstemmetjie)* Dan kan ons almal bietjie "catch-up".

Jakes: Wanneer laas het jy vir Alexis gesien?

Cindy: Hoekom wil jy weet?

Jakes: Hoekom nie?

Cindy: Dink jy sy's mooier as ek?

Jakes: Wat het dit nou met enige iets uit te waai?

Cindy: Ek weet sy is. Wou net sien of jy met my eerlik sou wees.

Jakes: Hoekom sou ek nie met jou eerlik wees nie?

Cindy: Hoekom het jy nooit vir my gesê dat jy't ook met haar ge-chat op google-chat gedurende laas vakansie nie?

Jakes: Waarvan praat jy? Dis mos niks, man.

Cindy: Dis nie niks nie. Ek dog ons het iets spesiaal opgebou terwyl ons weg van mekaar af was, en nou die dag vind ek uit by Alexis dat julle tweetjies het ook 'n hoop e-mails vir mekaar gepos het. Hoe weet ek jy't nie meer van haar gehou van die begin af nie?

Jakes: Cindy, hoe kan jy so praat? Ons is NOU saam en dis dit. Dis al wat belangrik is.

Cindy: Ek dink nie ek wil meer met jou praat nie.

Jakes: Derde keer vandag al?

Cindy: Ek wil rêrig nie met jou baklei nie Jakes. Hoekom moet jy my altyd aanhits?

Deon nader hulle tafel.

Deon: Gaan julle nou bietjie ophou fight so dat ’n ou ’n woord kan inkry of wat?

Cindy: Wat is dit Deon?

Deon: Ek weet ons het almal die afgelope semester ons verskille onder mekaar gehad, so miskien is dit tyd dat ons die ou bende bymekaar maak vir ’n laaste jol voor eksamens in erns begin. Nou: Ons gesamentlike vriend Mervin het gister ’n lieflike ou Malawi cobbitjie in die hande gekry. Wat se julle ons gaan na ons nuwe possie toe en maak ’n pyp?

Jakes: Ek weet nie.

Cindy: Jakes kan jy nooit ’n eenvoudige besluit neem nie? Dis of “ja” of “nee”.

Deon: Wat van jou Suikerbekkie? Jy lus?

Cindy: Om dagga te rook? Nee dankie Deon; dis nie my "scène" nie.

Deon: En Jakes?

Jakes: Miskien het ons ’n bietjie afleiding nodig?

Cindy: Afleiding? Is ek nie pret genoeg vir jou nie?

Jakes: Ag Cindy...

Cindy: Wel, dan moet ons dit seker maar doen. Ja, Deon dankie vir die uitnodiging, dit sal baie lekker wees.

Deon: Mooi so.

Skerm Cindy staan op, vee haar mond af, druk haar handsakkie onder haar oksel.

Jakes: Asseblief Cindy... ek dink regtig nie dis 'n goeie idee nie, want –

Cindy: Moenie 'n papbroek wees nie! Wel, wees wat jy wil. Jy hoef niks te doen as jy nie wil nie. Jy kan maar ewig sweef tussen ja en nee, tussen goed en kwaad, maar een van ons sal eendag 'n besluit moet neem. Jy't afleiding nodig? So waarvoor wag ons.

Jakes: Ek dog jy's teen dwelms.

Cindy*, harde fluister vir Jakes*: Ons het hierdie laaste twee maande al so baie saam gesondig om nou nog 'n sondetjie of twee by te voeg gaan nie so 'n groot verskil maak nie.

Cindy stap uit.

Deon: Kom Jakes, slegte maniere om jou pop te laat wag.

Mervin, *staan op, maak sy broek vas op die skerm en op die verhoog*: Bel vir Alexis.

LIG AF

SES

Daggarookmusiek. In Mervin en Deon se woonstel. Mervin sit op die bed. Alexis het ’n stoel nader getrek en sit daarop. Cindy sit tussen Deon en Jakes op die vloer. ’n Bottelnek doen die rondte. Nou en dan ontsnap ’n giggel.

Die skerm is aan, en ons sien die selfde toneel in ’n kamer. Deon is besig om die einde van ’n grap te vertel.

Deon: Die boerseun glimlag en sê: "Normaalweg sou ek met jou saamstem maar nadat jy my gulp twee keer afgetrek het, het ek gedog ons is vriende!"

Almal lag.

Mervin: Ek het ook ’n grap.

Deon: Ja?

Mervin: Sielkundige sê vir die ou: "Jy's paranoïes", en die ou sê "Ja ek weet dit al lank, dok...maar dit verhinder nie dat mense my die heeltyd agtervolg nie."

Hulle lag almal langer as nodig. Cindy fluister in Jakes se oor.

Cindy: Ek's mal oor jou.

Deon: Dis uitstekende dagga hierdie.

Mervin: Hoe sou jy weet?

Deon: Want jy't vir ons gesê. Jy't gesê – "Hierdie is uitstekende dagga."

Hulle lag weer lank.

Cindy: Ek's verlief op jou Jakes...smoorverlief...ek wil jou hê...hier...nou...

Jakes lyk verboureerd.

Deon: Wil julle nog een hoor?

Jakes: Laat ek daai pyp weer sien.

Mervin is besig om dit weer vol te stop en gee dit aan.

Mervin: Ek sal dit vir jou aansteek. Net om te wys ek gee om.

Mervin is op sy knieë voor Jakes.

Mervin: What are friends for, hê? Op my fokken knieë voor jou boeta, ek hoop jy waardeer dit.

Mervin gee vlam.

Mervin: Volmaan, gaan vir die volmaan Jakesie.

Jakes suig streng en hoes. Die pyp doen die rondte. Nou begin die werklikheid op die skerm vreemd raak. Eienaardige kleure, verwronge beelde. Dit bou stadig op.

Mervin: Hou dit in, hou dit in. Okay ja, dis goed om te hoes want dit maak die bors los. Asem uit. Gee die THC plek om aan te klou...nice...ek's trots op jou...

Jakes: Fok! Wat was ek besig om te sê?

Mervin: Niks nie. Want jy't niks om te sê nie. Jy't nog nooit in jou lewe ’n intelligente geluid gemaak nie.

Jakes: Jammer? Watse geluid?

Mervin: Jy "apologise" alewig vir alles.

Jakes: Sorry?

Mervin: Maar jy weet mos wat Dennis Hopper sê in daai fliek?

Cindy: Hoekom hoor jy nie vir my nie?

Mervin: "The things you apologise for are the things you want the most."

Jakes: Jammer?

Cindy: Ek's fokken mal oor jou!

Mervin: Ha!

Jakes: Hoekom vloek jy?

Mervin: En onthou jy wat hy verder sê?

Jakes: Ek was nog...nog besig om iets...

Mervin: "Just because it happened to you doesn't make it interesting."

Jakes: Wat? Maar –

Mervin: Hierdie mense gee nie eintlik om nie, ou maat.

Jakes: Daar was iets wat ek wou sê... wat baie belangrik was... baie –

Mervin: Daar's niks nie. Jy was klaar.

Jakes: Wat was klaar?

Mervin: Jy.

Cindy: Hoekom hoor jy nie vir my nie? Ek's lief vir jou! Ek's fokken mal oor jou!

Jakes: Jy vloek te veel.

Mervin: Klaar.

Jakes: Ek was nog...nog besig om iets...

Cindy: Ek het nooit voorheen gevloek nie.

Jakes: Daar was iets wat ek wou sê –

Cindy: Hoekom dan –

Jakes: Wat baie belangrik was –

Mervin: Vergeet dit.

Jakes: ...baie –

Alexis, *skaam*: Jakes…

Mervin: Vergeet alles.

Cindy: Kan jy my sien?

Mervin: Dis klaar.

Jakes: Wat is klaar?

Mervin: Dis voldaan.

Cindy: Hoekom behandel jy my so?

Mervin: Jy's klaar.

Deon: Hy's nie reg vir jou nie.

Cindy: Wat sê jy?

Deon: As jy myne was –

Alexis, *harder*: Jakes..

Mervin: Daar's Mandrax in die mix.

Cindy: Hoekom pas hy my nie op nie?

Jakes, *paniekerig:* Wat!? Wat's dit?!

Deon: Want jy wil nie hê dat enige iemand jou oppas nie.

Mervin: Dis 'n magtige dwelm. Kan jou mal maak. Mal soos 'n fokken mal hasie.

Jakes: Maar...maar hoekom het jy niks gesê nie?

Alexis vat aan Jakes se skouer, hy stoot haar af.

Alexis: Ons moet praat Jakes.

Mervin: Ek het. Mervin het iets gesê...Hy't gesê "Daar's Mandrax in die mix."

Cindy skuif nader aan Deon. Alexis vat 'n bottel ketjap en 'n bottel mosterd van die tafel af, stuur dit in die rondte.

Cindy: Maar hoekom is ek nie aantreklik genoeg vir hom nie?

Deon: Want hy weet dat jy eintlik mal oor my is. Jy's te wild vir hom. Hy soek 'n mak meisie.

Jakes: Jou onnosele poes! Jy's 'n poes.

Cindy: Moenie so praat nie.

Deon: Here pussy, pussy pussy...hierso pussycat…

Jakes: Ek haat jou.

Alexis: Jakes…

Mervin: Nee... dis die Mandrax wat dit doen...(*Brom*)...Die weë van die Here is duister. Die magte van die duister doen die goeie werk.

Deon: Ek laaik jou kwaai. Soos naai, braai en GTI.

Mervin staan bô op die bed, bottel mosterd in die hand. Alexis drink uit die bottel tamatiesous uit, bring op. Cindy en Deon rol op die grond rond, vry. Jakes is opsoek na iets. Alexis lyk bekommerd oor Jakes. Sy lyk kwaad vir Cindy en Deon. Sy's jaloers en sy's deurmekaar.

Jakes: Die kooltjie het geval. Waar's die kooltjie?

Mervin: Daar's rook in jou oë. Blaas dood die vlamme.

Jakes sien vir Deon en Cindy op die vloer rond rol en iets loop skeef in sy kop.

Jakes: My sleutels...waar's my sleutels...het iemand my sleutels gesien?

Mervin lag, Deon en Cindy vry nou dik. Kledingstukke begin waai. Alexis drink tamatiesous, bring op. Sy kyk na wat op die vloer aangaan, dan benader sy Mervin , begin sy broek losmaak. Mervin stoot haar weg.

Alexis: Skenk bloed.

Mervin: Inkubus. Sukkubus.

Cindy: Fok my.

Jakes: Wat? Waar is hulle?...

Alexis: Betaal jou TV lisensie. *(Probeer weer Mervin se broek losmaak. Mervin stoot haar weg.)*

Mervin: Inkubus. Sukkubus. As iemand nie oppas nie gaan sy haar period mis?

Cindy: Fok my.

Jakes: Wat? Wat het geword van...?

Cindy: Fok.

Jakes: Waar kan hulle wees...? Wat soek ek?

Mervin: Jy soek jou kop. Waar's jou kop?

Alexis, *haar hand in haar broek*: Pasop vir vigs.

Jakes: Waar's my kop?

Jakes soek sy kop. Mervin spuit mosterd op suggestiewe wyse op die paartjie op die vloer, op Alexis, en op Jakes. Alexis spuit tamatiesous oor haar gesig. Bring op.

Mervin: Ek doop jou in die naam van die vader, en van die seun en van die heilige gees.

Jakes: Jissesgot Jesus, waar is my kop?

Alexis: Skenk bloed.

Mervin: Ek is die profeet. Ek is die een wat weet.

Alexis: Betaal jou TV lisensie. Pasop vir vigs.

Jakes ruk meer en meer hande uit. Die twee op die vloer gaan tekere, Mervin staan soos 'n crucifix, sy hemp is af, sy kop op sy bors.

Mervin: Die son skyn. Soos 'n sterretjie...'n Fokken Ninja ster! 'n Lemmetjie reg in die oog. Dis die Here. Die Here is die Ninja...Ek glo in die Here al kan ek hom nie sien nie, maar ek voel hom in my hart...En dis fokken seer!

Jakes: Fok jou!

Mervin: *satanistiese fluisterstemmetie, suggestiewe bewegings met sy onderlyf:* Fokmy, fokmy, fokmy, fokmy…

LIG BEGIN VERDOOF

ALEXIS, *fluister:* Skenk bloed. Betaal jou TV lisensie. Pasop vir VIGS.

MERVIN, *fluister:* Die weë van die Here is duister. Die magte van die duister doen die goeie werk.

Intussen het die daggarookmusiek onderaards geraak. Boos en skril. Iets soos Pink Floyd se Careful with that Axe, Eugene*. Dan skielik stilte.* LIG AF.

SEWE

Lang pouse in die donker. Lank genoeg vir die gehoor om ongemaklik te raak.

Cindy en Jakes sit in stilte oorkant mekaar in Oom Gert se Plek. Jakes lyk miserabel, kyk na Cindy. Cindy kyk rond vir 'n kelner.

Uiteindelik maak sy oogkontak met Jakes.

Jakes: Wat het gebeur daai aand, Cindy? Daai aand by Mervin ?

Cindy: Ag, jy't bietjie gerook geraak en uitgefreak. Niks ergs nie.

Jakes: So word daar vir my vertel.

Cindy: En toe Mervin godslasterlike dinge begin sê, het dit jou ontstel.

Jakes: En jy? Wat het jy gedoen, Cindy?

Rukkie stil. Cindy kyk rond vir 'n kelner.

Jakes: Cindy! Wat het gebeur?

Cindy: Ek het iets om jou te vertel Jakes…

Jakes: Nou vertel.

Cindy: Jakes, ek kan eerlikwaar nie onthou wat daai aand gebeur het nie.

Jakes, *sarkasties:* Dis interessant, maar dis nie die gevoel wat ek kry nie.

Cindy: Dis net, jy weet…

Jakes: Dit voel vir my of my binnegoed uitgevreet is deur ’n pak wilde diere… Ek kan die bloed aan julle asems ruik…

Cindy: Jakes!

Jakes: Julle almal steek iets weg. Wat het geword van ons bendekring? Ons broederskap? Wat de fok het *ek* verkeerd gedoen?

Cindy: Dis nie jy nie Jakes, rêrig, dis net, jy weet… Dis eksamenstres en dinge… my pa maak my vrek as ek weer ’n vak sleep… Ek moet fokus op my studies… ek voel skuldig… ek moet fokus op my verhouding met die Here… ek dink ek het bietjie tyd nodig Jakes… Ek dink… ONS… Dalk moet ons mekaar vir ’n rukkie nie sien nie…

Sy staan op, druk haar handsakkie onder haar oksel. Sê baai sonder ’n geluid en strompel tranerig uit.

Dan is dit ’n hele ruk stil.

Jakes staar na die tamatiesous en mosterd botteltjies op die tafel.

Mervin stap in. Hy kom sit by Jakes.

Mervin: Hoekom is jou oë so opgeswel? Pla die son?

Jakes: Nee, dis jy wat my pla. Wat wil jy hê?

Mervin, *stil*: Ek wou nog nooit enige iets van jou af hê nie.

Jakes: O ja?

Mervin: Ek het lank laas opgehou hoop dat iemand enige iets vir my kan doen.

Jakes: Ja, maar -

Mervin: Ek's nie hier om met jou te stry nie, Jakes. Kalmeer. Ek wou net vir jou sê dat sy's nie goed vir jou nie. Sy's nie die beste nie, en jy verdien die beste.

Jakes: Maar...sy was alles wat ek wou he...

Mervin: Jy dink jy wil iets hê, maar as jy dit eendag kry, dan wil jy dit nie meer hê nie. In Sielkunde gee hulle presies die beskrywing van 'n fantasie wat eendag werklikheid word. Die naam daarvoor is Nagmerrie. Maar hierdie is nie die beste nagmerrie vir jou nie.

Jakes: Waarvan praat jy?

Mervin: Jy's te sensitief, jy gee te veel om. Jy sou haar nooit kon gelos het nie. Dink net waar jy sou kon opgeëindig het in dertig jaar se tyd? Kan jou jouself voorstel? Matching pienk en blou gordyne, Sanlam polis, Krismis met 'n klomp kinders, Bybel stories, braaivleis en net DSTV om na uit te sien elke aand as jy jouself huis toe sleep van jou sinnelose job wat jy moes neem om haar die huis te koop in die regte suburb...Nee Jakes, jy kan beter doen as dit.

Jakes: Maar –

Mervin: En dis ook beter vir haar. Sy sal haar eie pad vind. Sy sal iemand kry wat haar beter pas as jy.

Jakes: Hoekom sê jy dit asof jy dit alles beplan het?

Mervin: Ek het nog altyd gedink dat ek nog nooit vir enige iemand ooit lief was nie. Maar ek het ’n fout gemaak. Ek was al vir iemand lief.

Alexis stap in. Mervin sien haar en staan op. Hy trek die stoel uit vir haar dat sy kan sit.

Alexis: Hello.

Mervin: Ja, okay. Sien julle tweetjies later. Ek het dinge om te doen.

Mervin stap af.

Jakes en Alexis kyk vir mekaar soos die ligte verdoof na die klank van Jonathan and Darlene Edwards se vals falsetto weergawe van Stayin' Alive.

EINDE